PERSVERKLARING

FARMSECURE™
SUSTAINABILITY AND PROFITABILITY IN AGRICULTURE

FARMSECURE VERWELKOM PRISMA PACKAGING MET TROTS IN DIE GROEP

10 Februarie 2012

Die Suid-Afrikaanse Mededingingskommissie het die verkryging van Prisma Packaging deur Farmsecure Technologies onvoorwaardelike goedgekeur.

Die Farmsecure Groep neem ’n holistiese benadering tot optimalisering dwarsdeur die landbouwaardeketting in die strewe na sy visie van ‘Volhoubaarheid en Winsgewendheid in die Landbou’.

Verpakking is ’n baie belangrike komponent van enige suksesvolle en funksionele verspreidingsketting en verseker dat vars en ander produkte op ’n optimale wyse vanaf die bron van produksie tot die eindverbruiker beweeg, terwyl die kwaliteit en integriteit van die produk te alle tye behoue bly. Dit verteenwoordig ook ’n groot landbou-insetkoste, veral in die vrugtebedryf.

Schalk Lubbe, Hoof Uitvoerende Beampte van Farmsecure Technologies, het die volgende kommentaar gehad: “As ’n Groep poog ons om die landbou-waardeketting van insette, boerderybedrywighede en uitsette te optimaliseer. Ons het reeds verskeie inset-ondernemings in ons familie, en aangesien verpakkingsmateriaal die grootste enkele insetkoste vir ’n vrugteplaas behels, was die verkryging van Prisma vir ons ’n baie logiese stap.”

Prisma Packaging is betrokke by die verspreiding en verkoop van verpakkingsmateriaal vir sitrus, sagtevrugte, kernvrugte en tafeldruiwe vir die uitvoer- en plaaslike mark. Die maatskappy is aanvanklik gevestig om Colors Fruit, een van die grootste uitvoerders van Suid-Afrikaans vrugte, en sy produsente van verpakkingsmateriaal te voorsien, maar het sedertdien uitgebrei om ’n groot aantal boere, pakhuise en uitvoerders te bedien.

Farmsecure het in 2010 met Colors Fruit ’n vennootskap gevorm, en die onderling voordelige vennootskap skep nuwe geleenthede vir albei maatskappye om ’n doeltreffende bydrae tot ’n opwindende toekoms vir landbou-ontwikkeling te maak.

Prisma sal in die toekoms steeds Colors produsente en sy ander lojale klante van verpakkingsmateriaal voorsien, maar sal ook die hoeveelheid en verskeidenheid verpakkingsmateriaal wat aan die Groep verskaf word, aansienlik uitbrei.

Johan du Plessis, die Besturende Direkteur van Prisma, sê “die verkryging deur Farmsecure Technologies beteken dat Prisma nou op ’n nuwe vlak sal kan funksioneer. Prisma se primêre aanbod aan sy klante sal steeds die voorsiening van ’n volledige reeks verpakkingsmateriaal teen ’n mededingende prys en van die korrekte kwaliteit en spesifikasies wees; gerugsteun deur dieselfde uitstekende diens waarvoor Prisma bekend geword het. Die grondslag is nou gevestig vir Prisma om volledig munt te slaan uit sy nuwe posisie en die beskikbare bronne binne die Farmsecure familie, wat beteken dat dit meer as ooit tevore bestem is om ’n groot krag in die landbou-verpakkingsbedryf te word.”

Vir meer inligting besoek:
Prisma by www.prismapackaging.com of Farmsecure by www.farmsecure.co.za
Of kontak:
Chantal Yazbek, Hoof van Farmsecure Media en Kommunikasie
Epos: info@farmsecure.co.za; Telefoon: 021 974 1950